



STAATSKOERANT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 1827
As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregtstreef
PRYS 20c PRICE
OORSEE 30c OVERSEAS
POSVRY — POST FREE

REGULATION GAZETTE No. 1827
Registered at the Post Office as a Newspaper

VOL. 98]

PRETORIA, 24 AUGUSTUS 1973
24 AUGUST

[No. 4005

PROKLAMASIE

*van die Staatspresident van die Republiek van
Suid-Afrika*

No. R. 200, 1973

JAARLIKSE GELDE BETAALBAAR DEUR PER-
SONE G E R E G I S T R E E R T E N O P S I G T E V A N
BEROEPE VERMELD IN ARTIKEL 32 VAN WET
13 VAN 1928

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 95A (1) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), soos gewysig, magtig ek die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad hierby om geld te skryf wat jaarliks aan genoemde Raad betaal moet word deur elke persoon wat geregistreer is ten opsigte van elke beroep waarvoor die Raad kragtens artikel 32 van die Wet 'n register aangelê het en hou, maar met uitsluiting van die persone wat geregistreer is as chiropodiste, gesondheidsinspekteurs en arbeids-terapeute.

Wanneer enige sodanige geregistreerde persoon na behoorlike kennisgewing in gebreke bly of weier om genoemde geld te betaal, kan die Raad sodanige geld te verhaal op die wyse voorgeskryf by genoemde artikel van die Wet.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Veertiende dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Drie-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

S. W. VAN DER MERWE.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN ARBEID

No. R. 1473

24 Augustus 1973

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956
YSTER-, STAAL-, INGENIEURS- EN METAL-
LURGIËSE NYWERHEID.—WYSIGING VAN
MEDIËSE HULPFONDSSOOREENKOMS

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem)

PROCLAMATION

*by the State President of the Republic of
South Africa*

No. R. 200, 1973

ANNUAL FEES PAYABLE BY PERSONS REGIS-
TERED IN RESPECT OF PROFESSIONS REFERRED
TO IN SECTION 32 OF ACT 13 OF 1928

Under the powers vested in me by section 95A (1) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), as amended, I hereby authorise the South African Medical and Dental Council to prescribe a fee to be paid annually to the said Council by every person registered in respect of every profession for which the Council has established and keeps a register in terms of section 32 of the Act, but with the exception of persons registered as chiropodists, health inspectors and occupational therapists.

Where any such registered person fails or refuses to pay the said fee after due notice and within 30 days of the date of such notice, the Council may recover the said fee in the manner prescribed by the said section of the Act.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Fourteenth day of August, One thousand Nine hundred and Seventy-three.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

S. W. VAN DER MERWE.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF LABOUR

No. R. 1473

24 August 1973

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956
IRON, STEEL, ENGINEERING AND METAL-
LURGIQUE INDUSTRY.—AMENDMENT OF
MEDICAL AID FUND AGREEMENT

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby, in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which

wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid betrekking het, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 28 April 1975 eindig, bindend is vir die werkewersorganisasies en die vakverenigings wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkewers en werknemers wat lede van genoemde organisasies of verenigings is.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

BYLAE

OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur die

Automotive Parts Production Engineers' Association;
Cape Engineers' and Founders' Association;
Constructional Engineering Association;
East London Engineers' and Founders' Employers' Association;
Edge, Hand and Small Tool Manufacturers' Association;
Electrical Engineering and Allied Industries Association;
Engineers' and Founders' Association (Transvaal, Orange Free State and Northern Cape);
Gate and Fence Manufacturers' Association of the Transvaal;
Heavy Engineering Manufacturers' Association;
Iron and Steel Producers' Association of South Africa;
Lift Engineering Association of South Africa;
Light Engineering Industries Association of South Africa;
Materials Handling and Construction Plant Association of South Africa;
Natal Engineering Industries Association;
Non-Ferrous Metal Industries Association of South Africa;
Plastics Manufacturers' Association of South Africa;
Port Elizabeth Engineers' Association;
Precision Manufacturing Engineers' Association;
Radio, Appliance and Television Association of South Africa;
Sheetmetal Industries Association of South Africa;
S.A. Agricultural and Irrigation Machinery Manufacturers' Association;
S.A. Electro Plating Industries Association;
S.A. Fasteners Manufacturers' Association;
S.A. Production Founders' Association;
S.A. Reinforced Concrete Engineers' Association;
S.A. Association of Shipbuilders and Repairers;
S.A. Tube Makers' Association;
S.A. Wire and Wire Rope Manufacturers' Association;
S.A. Wrought Non-Ferrous Metal Manufacturers' Association;

South African Industrial Refrigeration and Air Conditioning Contractors' Association;
Transvaal and Orange Free State Foundry Association;
Electronics and Telecommunications Industries Association;
South African Burglar Alarm Systems Association;
S.A. Radio and Television Manufacturers' Association;

aan die een kant (hierna die "werkewers" of die "werkewersorganisasies" genoem) en die

Amalgamated Engineering Union of South Africa;
Amalgamated Society of Woodworkers of South Africa;
Engineering Industrial Workers' Union;
Iron Moulders' Society of South Africa;
S.A. Boilermakers' Iron and Steel Workers', Shipbuilders' and Welders' Society;
S.A. Electrical Workers' Association;
S.A. Engine Drivers', Firemen's and Operators' Association;
Suid-Afrikaanse Yster-, Staal- en Verwante Nywerhede-Unie;
Electrical and Allied Trades Union of S.A.;
Radio, Television, Electronics and Allied Workers' Union;

aan die ander kant (hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem),

wat die partye is by die Nasionale Nywerheidsraad vir die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid, om die Mediese Hulpfondsooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 620 van 24 April 1970, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 1438 van 4 September 1970, R. 59 van 14 Januarie 1972 en R. 441 van 23 Maart 1973, soos volg te wysig:

In klousule 10 (1), vervang die syfer "R1 000" deur die syfer "R1 200".

Namens die partye op hede die 4de dag van Junie 1973 te Johannesburg onderteken.

R. F. BUDD, Voorsitter.

W. E. KIRKWOOD, Ondervorsitter.

W. R. GLASTONBURY, Hoofskeretaris.

appears in the Schedule hereto and which relates to the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industry, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 28 April 1975, upon the employers' organisations and the trade unions which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisations or unions.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

SCHEDULE

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into between the

Automotive Parts Production Engineers' Association;
Cape Engineers' and Founders' Association;
Constructional Engineering Association;
East London Engineers' and Founders' Employers' Association;
Edge, Hand and Small Tool Manufacturers' Association;
Electrical Engineering and Allied Industries Association;
Engineers' and Founders' Association (Transvaal, Orange Free State and Northern Cape);
Gate and Fence Manufacturers' Association of the Transvaal;
Heavy Engineering Manufacturers' Association;
Iron and Steel Producers' Association of South Africa;
Lift Engineering Association of South Africa;
Light Engineering Industries Association of South Africa;
Materials Handling and Construction Plant Association of South Africa;
Natal Engineering Industries Association;
Non-Ferrous Metal Industries Association of South Africa;
Plastics Manufacturers' Association of South Africa;
Port Elizabeth Engineers' Association;
Precision Manufacturing Engineers' Association;
Radio, Appliance and Television Association of South Africa;
Sheetmetal Industries Association of South Africa;
S.A. Agricultural and Irrigation Machinery Manufacturers' Association;
S.A. Electro Plating Industries Association;
S.A. Fasteners Manufacturers' Association;
S.A. Production Founders' Association;
S.A. Reinforced Concrete Engineers' Association;
S.A. Association of Shipbuilders and Repairers;
S.A. Tube Makers' Association;
S.A. Wire and Wire Rope Manufacturers' Association;
S.A. Wrought Non-Ferrous Metal Manufacturers' Association;

South African Industrial Refrigeration and Air Conditioning Contractors' Association;
Transvaal and Orange Free State Foundry Association;
Electronics and Telecommunications Industries Association;
South African Burglar Alarm Systems Association;
S.A. Radio and Television Manufacturers' Association;

of the one part (hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisations"), and the

Amalgamated Engineering Union of South Africa;
Amalgamated Society of Woodworkers of South Africa;
Engineering Industrial Workers' Union;
Iron Moulders' Society of South Africa;
S.A. Boilermakers' Iron and Steel Workers', Shipbuilders' and Welders' Society;
S.A. Electrical Workers' Association;
S.A. Engine Drivers', Firemen's and Operators' Association;
Suid-Afrikaanse Yster-, Staal- en Verwante Nywerhede-Unie;
Electrical and Allied Trades Union of S.A.;
Radio, Television, Electronics and Allied Workers' Union;

of the other part (hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions"),

being parties to the National Industrial Council for the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industry, to amend the Medical Aid Fund Agreement published under Government Notice R. 620 of 24 April 1970, as amended by Government Notices R. 1438 of 4 September 1970, R. 59 of 14 January 1972 and R. 441 of 23 March 1973, as follows:

In section 10 (1), for the figure "R1 000" substitute the figure "R1 200".

Signed at Johannesburg on behalf of the parties this 4th day of June 1973.

R. F. BUDD, Chairman.

W. E. KIRKWOOD, Vice-Chairman.

W. R. GLASTONBURY, General Secretary.

No. R. 1474 24 Augustus 1973

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956
ELEKTROTEGNIESE AANNEMINGS- EN
BEDIENINGSNYWERHEID, KAAP

HERNUWING VAN OOREENKOMS VIR DIE
ELEKTROTEGNIESE AANNEMINGSEKSIE

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (ii) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van Goewermentskennisgewings R. 1135 van 2 Julie 1971 en R. 144 van 11 Februarie 1972 van krag is vir 'n verdere tydperk wat op 11 Oktober 1973 eindig.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

No. R. 1498 24 Augustus 1973

WET OP OPLEIDING VAN AMBAGSMANNE, 1951,
SOOS GEWYSIG

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, handelende kragtens artikel 2 van bogemelde Wet, wysig hierby Goewermentskennisgewing R. 2309 van 15 Desember 1972 deur—

(a) die vervanging van die bedrag "4c" waar dit in klousule 4 (i) van die OPLEIDINGSVOORWAARDES voorkom deur die bedrag "14c"; en

(b) die vervanging van die woorde "nege sent" en die bedrag en woorde "R2,16 (twee rand sestien sent)" waar dit ook al in klousule 5 van die OPLEIDINGSVOORWAARDES voorkom onderskeidelik deur die bedrae "14c" en "R3,36".

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

No. R. 1500 24 Augustus 1973

WET OP VAKLEERLINGE, 1944, SOOS GEWYSIG
NASIONALE VAKLEERLINGSKAPKOMITEE VIR
DIE MOTONYWERHEID.—VOORGENOME
INTREKKING EN VOORSKRYWING VAN LEER-
VOORWAARDES

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, handelende kragtens artikel 16 van bogemelde Wet, is voornemens om—

(a) Goewermentskennisgewing R. 1141 van 30 Julie 1965 soos toegepas by Goewermentskennisgewing R. 1645 van 22 Oktober 1965, R. 1644 van 22 Oktober 1965, R. 1646 van 22 Oktober 1965, R. 1088 van 21 Junie 1968, R. 3776 van 21 November 1969, R. 157 van 30 Januarie 1970 soos toegepas by Goewermentskennisgewing R. 1302 van 14 Augustus 1970, R. 158 van 30 Januarie 1970 soos toegepas by Goewermentskennisgewing R. 1301 van 14 Augustus 1970, R. 525 van 2 April 1971 soos toegepas by Goewermentskennisgewing R. 869 van 28 Mei 1971, R. 16 van 7 Januarie 1972 en R. 2266 van 8 Desember 1972 soos toegepas by Goewermentskennisgewing R. 135 van 2 Februarie 1973, in te trek;

(b) ondernemelde ambagte as ambagte waarop die Wet van toepassing is aan te wys vir die Nywerheid en gebied waarvoor bogemelde Komitee ingestel is.

AMBAGTE

- (1) Bekleder; (19)
- (2) Bekleder (insluitende sputerverfwerk); (20)
- (3) Brandstofinspuitwerktuigkundige; (10)
- (4) Dieselwerktuigkundige; (7)
- (5) Enjinpasser; (8)
- (6) Gereedskap- en setmaatmaker; (17)
- (7) Gereedskap- en stempelmaker; (16)

No. R. 1474 24 August 1973

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

ELECTRICAL CONTRACTING AND SERVICING INDUSTRY, CAPE

RENEWAL OF AGREEMENT FOR THE ELECTRICAL CONTRACTING SECTION

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (ii) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare the provisions of Government Notices R. 1135 of 2 July 1971 and R. 144 of 11 February 1972 to be effective for a further period ending 11 October 1973.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

No. R. 1498 24 August 1973

TRAINING OF ARTISANS ACT, 1951,
AS AMENDED

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, acting in terms of section 2 of the above-mentioned Act, hereby amend Government Notice R. 2309 of 15 December 1972 by—

(a) the substitution for the amount "4c" where it occurs in clause 4 (i) of the CONDITIONS OF TRAINING of the amount "14c"; and

(b) the substitution for the words "nine cents" and the amount and words "R2,16 (two rand sixteen cents)" wherever they occur in clause 5 of the CONDITIONS OF TRAINING of the amounts "14c" and "R3,36" respectively.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

No. R. 1500 24 August 1973

APPRENTICESHIP ACT, 1944, AS AMENDED

NATIONAL APPRENTICESHIP COMMITTEE FOR
THE MOTOR INDUSTRY.—PROPOSED WITH-
DRAWAL AND PRESCRIPTION OF CONDITIONS
OF APPRENTICESHIP

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, acting in terms of section 16 of the above-mentioned Act, propose to—

(a) withdraw Government Notices R. 1141 of 30 July 1965 as applied by Government Notice R. 1645 of 22 October 1965, R. 1644 of 22 October 1965, R. 1646 of 22 October 1965, R. 1088 of 21 June 1968, R. 3776 of 21 November 1969, R. 157 of 30 January 1970 as applied by Government Notice R. 1302 of 14 August 1970, R. 158 of 30 January 1970 as applied by Government Notice R. 1301 of 14 August 1970, R. 525 of 2 April 1971 as applied by Government Notice R. 869 of 28 May 1971, R. 16 of 7 January 1972 and R. 2266 of 8 December 1972 as applied by Government Notice R. 135 of 2 February 1973;

(b) designate for the Industry and area for which the above-mentioned Committee was established the under-mentioned trades as trades to which the Act shall apply:

TRADES

- (1) Auto Body Repairer; (10)
- (2) Automotive Acetylene and Electrical Welder;
- (9)
- (3) Automotive Electrician; (11)
- (4) Automotive Machinist and Fitter; (15)
- (5) Automotive Sheet-metal Worker; (13)
- (6) Automotive Turner and Machinist; (14)
- (7) Diesel Mechanic; (4)

- (8) Houtmasjineerder; (22)
 (9) Motorasetileen- en elektriese sveiser; (2)
 (10) Motorbakhersteller; (1)
 (11) Motorelektrisiën; (3)
 (12) Motorfiets- en bromponiewerktuigkundige; (11)
 (13) Motorplaatmetaalwerker; (5)
 (14) Motorvoertuigdraaiier en -masjineerder; (6)
 (15) Motorvoertuigmasjineerder en -passer; (4)
 (16) Motorwerkstuigkundige; (12)
 (17) Paneelklopper (insluitende sputerverfwerk); (13)
 (18) Paneelklopper (insluitende bekleding); (14)
 (19) Passer en draaier; (9)
 (20) Sputerverfwerker; (15)
 (21) Trekkerwerkstuigkundige; (18)
 (22) Voertuigbakbouer; (21)

(c) die voorwaardes hieronder uiteengesit, as leer-voorwaardes voor te skryf ten opsigte van die ambagte gespesifieer in paragraaf (b) in die gebied daarin gemeld; en

(d) te bepaal dat klosules 3 tot 7 van die leer-voorwaardes hieronder uiteengesit, vanaf die datum van voorskrywing daarvan ook van toepassing is op vakleerlinge wat in diens is in enige ambag wat 'n aangewese ambag is of was in die Nywerheid en gebied waarvoor gemelde Komitee ingestel is.

VOORWAARDES

1. Kwalifikasies om met Vakleerlingskap te Begin

Die minimum ouderdom en opvoedkundige kwalifikasies om met vakleerlingskap te begin, is 16 jaar en—

(1) standerd VII ten opsigte van die aangewese ambagte—

- Bekleder;
 Bekleder (insluitende sputerverfwerk);
 Enjinpasser;
 Houtmasjineerder;
 Motorasetileen- en elektiese sveiser;
 Motorbakhersteller;
 Motorfiets- en bromponiewerktuigkundige;
 Motorplaatmetaalwerker;
 Paneelklopper (insluitende sputerverfwerk);
 Paneelklopper (insluitende bekleding);
 Sputerverfwerker; en
 Voertuigbakbouer;

(2) standerd VIII ten opsigte van alle ander aangewese ambagte; of 'n verklaring van prestatie uitgereik deur of namens die skool wat deur die voornemende vakleerling besoek is, waarin verklaar word dat hy op die standerd VII-peil in die geval van (1) en op die standerd VIII-peil in die geval van (2) geslaag het in die vakke Afrikaans, Engels, Rekenkunde of Algemene Wiskunde en minstens een ander vak.

2. Leertyd

Die leertyd is—

- (1) drie jaar in die aangewese ambag *Brandstofinspuitwerkstuigkundige*;
 (2) vier jaar in die aangewese ambagte *Bekleder, Houtmasjineerder, Motorfiets- en bromponiewerktuigkundige en Sputerverfwerker*; en
 (3) vyf jaar in alle ander aangewese ambagte.

3. Lone

(1) 'n Werkgewer moet 'n vakleerling weekliks besoldig teen minstens die skale hieronder gespesifieer:

(a) In die ambag <i>Brandstofinspuitwerkstuigkundige</i> :	R
Eerste jaar.....	18,00
Tweede jaar.....	20,50
Derde jaar.....	33,00

- (8) Engine Fitter; (5)
 (9) Fitter and Turner; (19)
 (10) Fuel Injection Mechanic; (3)
 (11) Motor Cycle and Scooter Mechanic; (12)
 (12) Motor Mechanic; (16)
 (13) Panelbeater (including spraypainting); (17)
 (14) Panelbeater (including trimming); (18)
 (15) Spraypainter; (20)
 (16) Tool and Die Maker; (7)
 (17) Tool and Jig Maker; (6)
 (18) Tractor Mechanic; (21)
 (19) Trimmer; (1)
 (20) Trimmer (including spraypainting); (2)
 (21) Vehicle Body Builder; (22)
 (22) Woodmachinist; (8)

(c) prescribe the conditions set out hereunder as conditions of apprenticeship in respect of the trades specified in paragraph (b) in the area therein mentioned; and

(d) determine that clauses 3 to 7 of the conditions of apprenticeship set out hereunder shall, from the date of prescription thereof, also apply to apprentices who are employed in any trade which is or was a designated trade in the Industry and area for which the said Committee was established.

CONDITIONS

1. Qualifications for Commencing Apprenticeship

The minimum age and educational qualifications for commencing apprenticeship shall be 16 years and—

(1) Standard VII in respect of the designated trades—

- Auto Body Repairer;
 Automotive Acetylene and Electrical Welder;
 Automotive Sheet-metal Worker;
 Engine Fitter;
 Motor Cycle and Scooter Mechanic;
 Panelbeater (including spraypainting);
 Panelbeater (including trimming);
 Spraypainter;
 Trimmer;
 Trimmer (including spraypainting);
 Vehicle Body Builder; and
 Woodmachinist;

(2) Standard VIII in respect of all other designated trades; or a statement of attainment issued by or on behalf of the school attended by the prospective apprentice, reflecting a pass at Standard VII level in the case of (1), and at Standard VIII level in the case of (2), in the subjects Afrikaans, English, Arithmetic or General Mathematics and at least one other subject.

2. Period of Apprenticeship

The period of apprenticeship shall be—

(1) three years in the designated trade *Fuel Injection Mechanic*;

(2) four years in the designated trades *Motor Cycle and Scooter Mechanic, Spraypainter, Trimmer* and *Woodmachinist*; and

(3) five years in all other designated trades.

3. Wages

(1) An employer shall remunerate an apprentice weekly at not less than the rates specified hereunder:

(a) In the trade *Fuel Injection Mechanic*:

First year.....	R 18,00
Second year.....	20,50
Third year.....	33,00

(b) In vierjaarambagte:	R	(b) In four-year trades:	R
Eerste jaar.....	18,00	First year.....	18,00
Tweede jaar.....	20,50	Second year.....	20,50
Derde jaar.....	23,00	Third year.....	23,00
Vierde jaar.....	33,00	Fourth year.....	33,00
(c) In vyfjaarambagte:		(c) In five-year trades:	
Eerste jaar.....	18,00	First year.....	18,00
Tweede jaar.....	20,50	Second year.....	20,50
Derde jaar.....	23,00	Third year.....	23,00
Vierde jaar.....	27,00	Fourth year.....	27,00
Vyfde jaar.....	33,00	Fifth year.....	33,00

(2) 'n Werkewer moet die besoldiging voorgeskryf in subklousule (1) ten opsigte van elke vakleerling wat enig-een van die kwalifikasies in die volgende Bylae gemeld, of gelykwaardige kwalifikasies, besit of verwerf, verhoog met minstens die bedrag in die Bylae gemeld. Die bedrae aldus betaalbaar is nie kumulatief nie maar is betaalbaar ten opsigte van slegs een, te wete, dié hoogste sertifikaat of diploma wat verwerf is. Enige bedrag waarop 'n vakleerling ingevolge hierdie subklousule geregtig is, moet, indien die sertifikaat of diploma gedurende sy leertyd verwerf word, vanaf die datum van uitreiking daarvan betaal word.

BYLAE

Opvoedkundige kwalifikasies verwerf voor of gedurende vakleerlingskap	Per week R
<i>Groep I</i>	
(i) Standard 9 (Nie-tegnies) met Wiskunde.....	1,50
(ii) Standard 10 (Nie-tegnies) sonder Wiskunde.....	
(iii) Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel I.....	
<i>Groep II</i>	
Standard 10 (Nie-tegnies) met Wiskunde.....	2,00
<i>Groep III</i>	
(i) Junior Tegniese Sertifikaat (st. 8) met Werkwinkelpraktyk.....	2,50
(ii) Intermediere Tegniese Sertifikaat (st. 9) sonder Werkwinkelpraktyk.....	
(iii) Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II.....	
<i>Groep IV</i>	
(i) Intermediere Tegniese Sertifikaat (st. 9) met Werkwinkelpraktyk.....	3,00
(ii) Senior Tegniese Sertifikaat (st. 10) sonder Werkwinkelpraktyk.....	
(iii) Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel III.....	
<i>Groep V</i>	
(i) Senior Tegniese Sertifikaat (st. 10) met Werkwinkelpraktyk.....	3,50
(ii) Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel IV.....	
(iii) Deel I van die Nasionale Sertifikaat vir Tegnici	
(iv) Deel I van die Intermediere Diploma vir Tegnici	
(v) Meganiese Ingenieursdiploma.....	
<i>Groep VI</i>	
(i) Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel V.....	4,00
(ii) Deel II van die Nasionale Sertifikaat vir Tegnici	
(iii) Intermediere Diploma vir Tegnici.....	
<i>Groep VII</i>	
(i) Nasionale Tegniese Diploma.....	4,50
(ii) Nasionale Sertifikaat vir Tegnici.....	
(iii) Deel III van die Nasionale Diploma vir Tegnici	
<i>Groep VIII</i>	
(i) Hoër Nasionale Sertifikaat vir Tegnici.....	5,00
(ii) Nasionale Diploma vir Tegnici.....	

(3) Indien 'n werkewer en 'n voornemende meerder-jarige vakleerling, voordat hulle 'n leerkontrak aangaan, ooreenkom dat 'n loon teen 'n hoër skaal betaal moet word as dié wat in hierdie klousule voorgeskryf word, moet sodanige hoër loon in die kontrak gemeld en aan die vakleerling betaal word.

(2) An employer shall increase the remuneration prescribed in subclause (1) in respect of every apprentice who possesses or obtains any of the educational qualifications scheduled hereunder, or equivalents, by an amount not less than that indicated in the following Schedule. The amounts so payable shall not be cumulative but shall be payable in respect of only one, i.e. the highest, certificate or diploma obtained. Any amount to which an apprentice is entitled in terms of this subclause shall, if the certificate or diploma is obtained during his apprenticeship, be payable as from the date of issue thereof.

SCHEDULE

Educational Qualifications obtained prior to or during Apprenticeship	Per week
<i>Group I</i>	
(i) Standard 9 (Non-technical) with Mathematics....	
(ii) Standard 10 (Non-technical) without Mathematics....	
(iii) National Technical Certificate, Part I.....	1,50
<i>Group II</i>	
Standard 10 (Non-technical) with Mathematics...	2,00
<i>Group III</i>	
(i) Junior Technical Certificate (Std 8) with Workshop Practice.....	
(ii) Intermediate Technical Certificate (Std 9) without Workshop Practice.....	
(iii) National Technical Certificate, Part II.....	2,50
<i>Group IV</i>	
(i) Intermediate Technical Certificate (Std 9) with Workshop Practice.....	
(ii) Senior Technical Certificate (Std 10) without Workshop Practice.....	
(iii) National Technical Certificate, Part III.....	3,00
<i>Group V</i>	
(i) Senior Technical Certificate (Std 10) with Workshop Practice.....	
(ii) National Technical Certificate, Part IV.....	
(iii) Part I of National Certificate for Technicians....	
(iv) Part I of Intermediate Diploma for Technicians....	
(v) Mechanical Engineering Diploma.....	3,50
<i>Group VI</i>	
(i) National Technical Certificate, Part V.....	
(ii) Part II of the National Certificate for Technicians.....	
(iii) Intermediate Diploma for Technicians.....	4,00
<i>Group VII</i>	
(i) National Technical Diploma.....	
(ii) National Certificate for Technicians.....	
(iii) Part III of the National Diploma for Technicians	4,50
<i>Group VIII</i>	
(i) Higher National Certificate for Technicians T. 4	
(ii) National Diploma for Technicians T. 4.....	5,00

(3) If an employer and a prospective major apprentice agree, before entering into a contract of apprenticeship, that wages shall be paid at rates higher than those prescribed in this clause, such higher wages shall be recorded in the contract and shall be paid to the apprentice.

4. Tegniese Studies

(1) (a) 'n Vakleerling wat ingeboek is in die ambag Enjinpasser, Motordraaier en Masjineerdeur of Motor-masjineerdeur en -passer moet tegniese klasse bywoon wat deur die Springs Tegniese Kollege, Springs, Transvaal, aangebied word.

(b) 'n Vakleerling wat ingeboek is in enige ander ambag moet, indien hy in diens is in enige van die gebiede in die Bylae hieronder vermeld, tegniese klasse bywoon by die inrigting in die Bylae vermeld.

BYLAE

Gebied	Inrigting
(i) Die landdrosdistrikte Barberton, Belfast, Brits, Bronkhorstspruit, Carolina, Cullinan, Groblersdal, Koster, Letaba, Lydenburg, Marico, Messina, Middelburg (Tvl), Nelspruit, Pietersburg, Pilgrimsrus, Potgietersrus, Pretoria, Rustenburg, Sibasa, Soutpansberg, Swartruggens, Thabazimbi, Warmbad, Waterberg, Waterval-Boven, Witbank en Witrivier	Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys, Pretoria
(ii) Die provinsie die Oranje-Vrystaat	Vrystaatse Tegniese Kollege, Bloemfontein
(iii) Die landdrosdistrikte Aberdeen, Adelaide, Albany, Alexandria, Bathurst, Bedford, Calitzdorp, Colesberg, Cradock, George, Graaff-Reinet, Hankey, Hanover, Humansdorp, Jansenville, Joubertina, Kirkwood, Knysna, Maraisburg, Middelburg (K.P.), Mosselbaai, Murraysburg, Noupoort, Oudtshoorn, Pearson, Port Elizabeth, Richmond (K.P.), Somerset-Oos, Steynsburg, Steytlerville, Uitenhage, Uniondale, Venterstad en Willowmore	Port Elizabethse Tegniese Kollege Port Elizabeth

(c) Indien fasiliteite vir die bywoning van tegniese klasse by wyse van 'n aaneenlopende studiekursus (d.i. groepvrystellingklasse) nie beskikbaar is nie vir 'n vakleerling wat verplig is om tegniese klasse ingevolge paragraaf (a) of (b) by te woon, moet hy in plaas daarvan tegniese klasse bywoon by die naaste tegniese inrigting wat uitsluitlik of gedeeltelik uit openbare fondse in stand gehou word en wat voorsiening maak vir die rassegroep waaraan die vakleerling behoort: Met dien verstande dat indien sodanige naaste tegniese inrigting nie geleë is nie binne 20 km van die vakleerling se verblyfplek of binne 20 km van sy werkplek waar daar van hom vereis word om klasse gedurende die gewone werkure by te woon, hy in plaas van bywoning 'n korrespondensiekursus kan volg wat deur die Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys, Johannesburg, aangebied word.

(2) 'n Vakleerling wat nie ingeboek is in enige van die ambagte in subklousule (1) (a) vermeld nie en wat nie in diens is in enige van die gebiede in die Bylae tot subklousule (1) (b) vermeld nie, moet tegniese klasse bywoon by die naaste tegniese inrigting wat uitsluitlik of gedeeltelik uit openbare fondse instand gehou word en wat voorsiening maak vir die rassegroep waaraan hy behoort: Met dien verstande dat indien geen fasiliteite vir die bywoning van klasse beskikbaar is nie binne 20 km van sy verblyfplek of binne 20 km van sy werkplek waar daar van hom vereis word om klasse gedurende die gewone werkure by te woon, hy in plaas van bywoning 'n korrespondensiekursus kan volg wat deur die Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys aangebied word.

4. Technical Studies

(1) (a) An apprentice who is indentured in the trade Automotive Machinist and Fitter, Automotive Turner and Machinist or Engine Fitter shall attend technical classes conducted by the Springs Technical College, Springs, Transvaal.

(b) An apprentice who is indentured in any other trade shall, if he is employed in any of the areas scheduled hereunder, attend technical classes at the institution indicated in the Schedule.

SCHEDULE

Area	Institution
(i) The Magisterial Districts of Barberton, Belfast, Brits, Bronkhorstspruit, Carolina, Cullinan, Groblersdal, Koster, Letaba, Lydenburg, Marico, Messina, Middelburg (Tvl), Nelspruit, Pietersburg, Pilgrim's Rest, Potgietersrus, Pretoria, Rustenburg, Sibasa, Soutpansberg, Swartruggens, Thabazimbi, Warm Baths, Waterberg, Waterval-Boven, Witbank and White River	Pretoria College for Advanced Technical Education, Pretoria
(ii) The Province of the Orange Free State	Free State Technical College, Bloemfontein
(iii) The Magisterial Districts of Aberdeen, Adelaide, Albany, Alexandria, Bathurst, Bedford, Calitzdorp, Colesberg, Cradock, George, Graaff-Reinet, Hankey, Hanover, Humansdorp, Jansenville, Joubertina, Kirkwood, Knysna, Maraisburg, Middelburg (Cape), Mossel Bay, Murraysburg, Noupoort, Oudtshoorn, Pearson, Port Elizabeth, Richmond (Cape), Somerset East, Steynsburg, Steytlerville, Uitenhage, Uniondale, Venterstad and Willowmore.	Port Elizabeth Technical College, Port Elizabeth

(c) If facilities for the attendance of technical classes by continuous course of study (i.e. block-release classes) are not available to an apprentice who is required to attend technical classes in terms of paragraph (a) or (b), he shall, instead, attend technical classes at the nearest technical institution maintained wholly or partly from public funds and catering for the racial group to which he belongs: Provided that if such nearest technical institution is not located within 20 km of the apprentice's residence or within 20 km of his place of work, where attendance is required of him during ordinary working hours, he may in lieu of attendance take a correspondence course conducted by the Witwatersrand College for Advanced Technical Education, Johannesburg.

(2) An apprentice who is not indentured in any of the trades referred to in subclause (1) (a) and who is not employed in any of the areas mentioned in the Schedule to subclause (1) (b) shall attend technical classes at the nearest technical institution maintained wholly or partly from public funds and catering for the racial group to which he belongs: Provided that if facilities for class attendance do not exist within 20 km of his residence or within 20 km of his place of work, where attendance is required of him during ordinary working hours, he may in lieu of attendance take a correspondence course conducted by the Witwatersrand College for Advanced Technical Education.

(3) (a) 'n Vakleerling moet binne 30 dae na die datum van registrasie van sy kontrak of, as hy op daardie datum militêre opleiding ondergaan, binne 30 dae na die datum van sy terugkeer van sodanige opleiding, yir klasbywoning of 'n korrespondensiekursus, na gelang van die geval, inskryf en moet begin om die klasse by te woon of die kursus te volg met ingang van die datum wat die betrokke inrigting bepaal.

(b) 'n Vakleerling moet tegniese klasse bywoon of korrespondensiekursusse volg wat in verband staan met die ambag waarvoor hy ingeboek is in ooreenstemming met die leerplanne wat deur die Department van Nasionale Opvoeding, die Departement van Indiërsake of die Administrasie van Kleurlingsake, na gelang van die geval, voorgeskryf word vir die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel I en Deel II, of gelykwaardige tegniese sertifikate, totdat hy die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II, of gelykwaardige tegniese sertifikaat, verwerf het: Met dien verstande dat 'n vakleerling wat in die eksamen vir genoemde sertifikaat druij maar wat wel slaag in die ambagsteorie wat betrekking het op die ambag waarvoor hy ingeboek is, nie verdere klasse hoef by te woon of verder 'n korrespondensiekursus hoef te volg nie, na gelang van die geval.

(c) Waar fasiliteite vir die bywoning van tegniese klasse by wyse van 'n aaneenlopende studiekursus beskikbaar is, moet 'n vakleerling sodanige klasse bywoon op vyf dae per week, gedurende sy gewone werkure, vir die duur van een sodanige kursus, en gedurende daardie tydperk mag sy werkgever nie van hom vereis om hom vir werk aan te meld nie. Indien die vakleerling in die eksamen wat aan die einde van die kursus afgeneem word die volle sertifikaat verwerf waarvoor hy ingeskryf het, is hy geregtig om voort te gaan om klasse op voormalde grondslag by te woon. Indien hy nie daarin slaag om die volle sertifikaat te verwerf nie is hy nie geregtig om voort te gaan om klasse op voormalde grondslag by te woon nie, maar moet hy vir klasbywoning inskryf by die naaste tegniese inrigting wat uitsluitlik of gedeeltelik uit openbare fondse in stand gehou word en wat voorsiening maak vir die rassegroep waaraan hy behoort. Sodanige bywoning moet geskied buite die vakleerling se gewone werkure: Met dien verstande dat indien geen fasiliteite vir klasbywoning buite die gewone werkure binne 20 km van die vakleerling se verblyfplek beskikbaar is nie, hy in plaas van klasbywoning 'n korrespondensiekursus kan volg wat deur die Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys aangebied word. By verwerwing van die volle sertifikaat is hy geregtig om weer klasse by te woon by wyse van 'n aaneenlopende studiekursus.

(d) 'n Vakleerling vir wie fasiliteite vir die bywoning van tegniese klasse by wyse van 'n aaneenlopende studiekursus nie beskikbaar is nie, moet tegniese klasse vir een akademiese jaar gedurende sy gewone werkure bywoon, so na as doenlik vir—

- (i) agt uur op een dag per week; of
- (ii) vier uur op elk van twee dae per week:

Met dien verstande dat klasbywoning in geen geval tot later as 7.15 nm. mag duur nie.

(e) Verpligte bywoning van klasse nadat 'n vakleerling in paragraaf (d) vermeld vir een akademiese jaar klasse bygewoon het, moet geskied buite die gewone werkure: Met dien verstande dat, indien hy die volle sertifikaat verwerf waarvoor hy ingeskryf het, hy geregtig is om voort te gaan om klasse gedurende gewone werkure by te woon.

(f) 'n Vakleerling wat 'n korrespondensiekursus volg, moet, waar die Registrateur van Vakleerlinge 'n studieplek vir sodanige korrespondensiekursus bepaal het, by sodanige plek studeer.

(g) Ondanks paragraaf (b) word daar nie van 'n vakleerling vereis om verdere klasse by te woon of verder 'n korrespondensiekursus te volg nie, na gelang van die

(3) (a) An apprentice shall, within 30 days of the date of registration of his contract or, if he is at that date undergoing military training, within 30 days after the date of his return from such training, enroll for class attendance or a correspondence course, as the case may be, and shall commence attendance of classes or take the course as from such date as may be determined by the institution concerned.

(b) An apprentice shall attend technical classes or follow correspondence courses relevant to the trade in which he is indentured in accordance with the syllabuses laid down by the Department of National Education, the Department of Indian Affairs or the Administration of Coloured Affairs, as the case may be, for the National Technical Certificate, Parts I and II, or equivalent technical certificates, until he obtains the National Technical Certificate, Part II, or equivalent technical certificate: Provided that an apprentice who fails in the examination for the said certificate but obtains a pass in the trade theory relevant to the trade in which he is indentured, shall not be required to attend further classes or take a further correspondence course, as the case may be.

(c) Where facilities for technical class attendance by continuous course of study exist an apprentice shall attend such classes on five days per week during his ordinary hours of work, for the duration of one such course and during that period he shall not be required by his employer to report for work. If, at the examination conducted at the end of the course, the apprentice obtains the full certificate for which he has entered, he shall be entitled to continue attending classes on the aforesaid basis. An apprentice who fails to obtain the full certificate shall not be entitled to continue attending classes on the said basis but shall be required to enrol for class attendance at the nearest technical institution maintained wholly or partly from public funds and catering for the racial group to which he belongs. Such attendance shall take place outside his ordinary hours of work: Provided that if facilities for class attendance outside the ordinary working hours do not exist within 20 km of his residence he may, in lieu of class attendance, take a correspondence course conducted by the Witwatersrand College for Advanced Technical Education. Upon obtaining the full certificate the apprentice shall again be entitled to attend classes by means of a continuous course of study.

(d) An apprentice for whom facilities for class attendance by continuous course of study are not available, shall attend classes for one academic year during his ordinary hours of work, as nearly as practicable either—

- (i) for eight hours on one day per week; or
- (ii) for four hours on each of two days per week:

Provided that attendance shall in neither case extend beyond 7.15 p.m.

(e) Compulsory attendance of classes after an apprentice referred to in paragraph (d) has attended classes for one academic year shall be outside the ordinary hours of work: Provided that if he obtains the full certificate for which he has entered, he shall be entitled to continue attending classes during ordinary working hours.

(f) An apprentice taking a correspondence course shall, where the Registrar of Apprenticeship has determined a place for the study of such a correspondence course, study at such place.

(g) Notwithstanding paragraph (b) an apprentice who does not within two years of the date of commencement of his technical studies obtain the certificate for which

geval, indien hy nie binne twee jaar vanaf die datum van die aanvang van sy tegniese studies die sertifikaat waarvoor hy oorspronklik ingeskryf het, verwerf het nie.

(h) Van 'n vakleerling wat, as gevolg van afwesigheid vir militêre opleiding ingevolge die Verdedigingswet, 1957, nie in staat is om tegniese klasse vir die duur van 'n aaneenlopende studiekursus by te woon of om tegniese klasse by te woon of 'n korrespondensiekursus vir minstens die helfte van 'n akademiese jaar te volg nie, na gelang van die geval, word daar nie vereis om sy studies gedurende daardie jaar voort te sit nie.

(i) Paragrawe (c) en (d) is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n vakleerling wat die sertifikaat vermeld in paragraaf (b) verwerf het of wat reeds in besit is van 'n hoër tegniese kwalifikasie en sy studies in verband met die ambag waarvoor hy ingeboek is vrywillig voortsit.

5. Vervoertoelaes

Die werkewer van 'n vakleerling wat in diens is in enige van die ambagte in klousule 4 (1) (a) vermeld of in enige van die gebiede genoem in die Bylae van klousule 4 (1) (b) vermeld en wat verplig is, of wat ingevolge klousule 4 (3) (i) verkies, om 'n aaneenlopende studiekursus aan die betrokke inrigting waarna in klousule 4 (1) verwys word, te volg, moet, indien die vakleerling meer as 20 km van die spoorwegstasie naaste aan daardie inrigting woonagtig is, die vakleerling minstens een week voor die begin van sodanige studiekursus voorsien van die reisgeld vir 'n tweedeklas-retourtreinrikaartjie tussen die stasies naaste aan sy verblyfplek en die betrokke inrigting.

6. Betaling van Klas- of Kursus- en Eksamengelde

'n Werkewer moet aan die betrokke tegniese inrigting die klas- of kursusgelde en die eksamengelde voorskiet wat betaalbaar is deur 'n vakleerling van wie daar vereis word, of wat ingevolge klousule 4 (3) (i) verkies om klasse by te woon of 'n korrespondensiekursus te volg of vir 'n eksamen in te skryf, en kan die bedrag aldus voorgeskei, van die loon van die vakleerling aftrek in gelyke weeklikse paaiemente gedurende 'n tydperk van 12 maande vanaf datum waarop die voorskot gemaak is: Met dien verstaande dat—

(i) indien die vakleerling, in 'n eksamen, die sertifikaat verwerf waarvoor hy ingeskryf het, die volle bedrag wat ten opsigte van klas- of kursusgelde en eksamengelde vir daardie eksamen afgetrek is, deur die werkewer aan hom terugbetaal moet word;

(ii) indien die vakleerling nie daarin slaag om die sertifikaat in (i) gemeld, te verwerf nie, die terugbetaling van klas- of kursusgelde en eksamengelde gedaan moet word slegs ten opsigte van daardie vakke waarin die vakleerling in die betrokke eksamen geslaag het.

7. Ambagstoets

(1) 'n Vakleerling moet, in die stadium in die Bylae hieronder vermeld, 'n kwalifiserende ambagstoets wat deur die Departement van Arbeid en die Departement van Nasionale Opvoeding afgeneem word, afle in die praktyk van die ambag waarvoor hy ingeboek is.

BYLAE

(a) In die ambag Brandstof-inspuitwerkstuigkundige	So kort moontlik voor die aanvang van die laaste ses maande van die leertyd of so spoedig moontlik daarna
(b) In vierjaarambagte.....	So kort moontlik voor die einde van die derde jaar van die leertyd of so spoedig moontlik daarna
(c) In vyfjaarambagte.....	So kort moontlik voor die eiende van die vierde jaar van die leertyd of so spoedig moontlik daarna

he originally enrolled, shall not be required to attend further classes or take a further correspondence course, as the case may be.

(h) An apprentice who, because of absence on military training in terms of the Defence Act, 1957, is unable to attend technical classes for the duration of a continuous course of study or to attend technical classes or take a correspondence course for at least half an academic year, as the case may be, shall not be required to pursue his studies during such year.

(i) Paragraphs (c) and (d) shall *mutatis mutandis* apply to an apprentice who has obtained the certificate mentioned in paragraph (b) or who is already in possession of a higher technical qualification and voluntarily pursues studies relevant to the trade in which he is indentured.

5. Transport Allowances

The employer of an apprentice who is employed in any of the trades referred to in clause 4 (1) (a) or in any of the areas mentioned in the Schedule to clause 4 (1) (b) and who is compelled, or who in terms of clause 4 (3) (i) elects, to attend a continuous course of study at the appropriate institution referred to in clause 4 (1), shall, if the apprentice resides more than 20 km from the railway station nearest to that institution, provide the apprentice with second-class return railway fare between the stations nearest to his residence and the institution, at least one week before the commencement of such course of study.

6. Payment of Class or Course and Examination Fees

An employer shall advance to the technical institution concerned the class or course fees and the examination fees payable by an apprentice who is required, or who in terms of clause 4 (3) (i) elects, to attend any classes or to follow correspondence courses or to enter for any examination and may deduct the amount so advanced from the wages of the apprentice in equal weekly instalments during a period of 12 months from the date on which the advance was made: Provided that—

(i) if, at an examination, the apprentice obtains the certificate for which he has entered the full amount deducted in respect of class or course fees and the examination fees for that examination shall be refunded to him by the employer;

(ii) if the apprentice fails to obtain the certificate mentioned in (i) the refunds of class or course fees and examination fees shall be made only in respect of those subjects in which he obtained a pass at the examination concerned.

7. Trade Tests

(1) An apprentice shall undergo a qualifying trade test conducted by the Departments of Labour and of National Education at the stage indicated in the Schedule hereunder in the practice of the trade in which he is indentured.

SCHEDULE

(a) In the trade Fuel Injection Mechanic	As shortly as practicable before the commencement of the final six months of the period of apprenticeship or as soon as possible thereafter.
(b) In four-year trades.....	As shortly as practicable before the end of the third year of the period of apprenticeship or as soon as possible thereafter
(c) In five-years trades.....	As shortly as practicable before the end of the fourth year of the period of apprenticeship or as soon as possible thereafter

(2) 'n Vakleerling wie se kontrak geregistreer is voor die datum waarop hierdie voorwaardes in werking tree en wat enige van die opvoedkundige kwalifikasies in ondergemelde Bylae vermeld, of gelykwaardige kwalifikasies, verwerf het, kan 'n kwalifiserende ambagstoets vrywillig ondergaan na voltooiing van die leertyd in die Bylae gemeld. 'n Verdere vrywillige toets of toetse kan afgelê word op 'n datum of datums wat deur gemelde Departemente bepaal word.

BYLAE

Opvoedkundige kwalifikasies verwerf voor of gedurende vakleerlingskap	Vyfjaar-ambagte	Vierjaar-ambagte	Ambag: Brandstofinspuitswarkundige
<i>Groep I</i>			
(a) St. IX- of gelykwaardige sertifikaat, met Wiskunde (b) Matrikulasié- of gelykwaardige sertifikaat, sonder Wiskunde..... (c) Nasionale Senior Sertifikaat (Nie-tegnies), sonder Wiskunde.....	3½ jaar	2½ jaar	1½ jaar
<i>Groep II</i>			
(a) Matrikulasié- of gelykwaardige sertifikaat, met Wiskunde..... (b) Nasionale Senior Sertifikaat (Nie-tegnies) (matrikulasiervrystelling), met Wiskunde..... (c) Ambagsteorie waarin daar op die peil van die Nasionale Tegniese Sertifikaat Deel II, geslaag is.....	3 jaar	2½ jaar	1½ jaar
<i>Groep III</i>			
(a) Nasionale Ambagskoolsertifikaat..... (b) Nasionale Junior Sertifikaat (Tegnies), met Werkwinkelpraktik..... (c) Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II..... (d) Nasionale Intermediére Sertifikaat (Tegnologie), sonder Werkwinkelpraktik.....	2½ jaar	2 jaar	1½ jaar
<i>Groep IV</i>			
(a) Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel III..... (b) Nasionale Intermediére Sertifikaat (Tegnologie) met Werkwinkelpraktik (c) Nasionale Senior Sertifikaat (Tegnologie), sonder Werkwinkelpraktik.....	2 jaar	1½ jaar	1 jaar
<i>Groep V</i>			
(a) Nasionale Senior Sertifikaat (Tegnologie), met Werkwinkelpraktik..... (b) Meganiese Ingenieursdiploma.....	1½ jaar	1 jaar	6 maande

(3) 'n Vakleerling wie se kontrak geregistreer word op of na die datum waarop hierdie voorwaardes in werking tree en wat op die peil van die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II, of gelykwaardige of hoër kwalifikasie, geslaag het in die teorie van die ambag waarvoor hy ingeboek is, kan vrywillig 'n kwalifiserende ambagstoets aflê na voltooiing van die leertyd in die Bylae hieronder vermeld. 'n Verdere vrywillige toets of toetse kan afgelê word op 'n datum of datums wat deur gemelde Departemente bepaal word.

(2) An apprentice whose contract was registered before the date of coming into operation of these conditions and who has obtained any of the educational qualifications scheduled hereunder, or equivalents, may voluntarily undergo a qualifying trade test after completion of the period of apprenticeship indicated in the Schedule. A further voluntary qualifying test or tests may be undertaken on a date or dates to be determined by the said Departments.

SCHEDULE

Educational qualifications obtained prior to or during apprenticeship	Five-year trades	Four-year trades	Trade: Fuel Injection Mechanic
<i>Group I</i>			
(a) Std IX or equivalent certificate, with Mathematics.. (b) Matriculation or equivalent certificate, without Mathematics..... (c) National Senior Certificate (Non-technical), without Mathematics.....	3½ years	2½ years	1½ years
